# LAERSKOOL MIKRO


Telefoon: 021 –903 2126
E-pos: info@laerskoolmikro.co.za
Webwerf: www.laerskoolmikro.co.za

Spruitstraat
Kuilsrivier
7580

Posbus 53
Kuilsrivier
7579


*… waar kind nog kind kan wees …*

06/2023

21 Februarie 2023

Geagte Ouers

1. **UIT DIE KANTOOR**

Ons verwelkom vir me Jonelia Truter as nuwe Graad R-klasassistent. Jonelia is tans 'n onderwysstudent en is ook 'n ouer van die skool. Ons glo sy sal baie gelukkig wees by ons. Die bestuurspan en beheerliggaam is druk besig met prosesse om die ander vakante poste te vul. Intussen is me Anita Visser tydelik as Interne Departementshoof in mnr Johan Vermeulen se plek aangestel. Ons wens vir haar sterkte toe met haar nuwe verantwoordelikhede.

Elke drie jaar word twee onderwysers deur die personeel verkies om op die beheerliggaam te dien. Tans is daardie twee persone me Annarie Spreeth en mnr Johan Vermeulen. Met Mnr Vermeulen wat ons aan die einde van hierdie kwartaal verlaat, was dit dus nodig dat die personeel iemand in sy plek kies. Mnr Armandt Nortje (Sportbestuurder) is verkies om tot die einde van hierdie beheerliggaam se termyn te dien. Mnr Nortje is 'n opgeleide onderwyser en gee ook tans klas (LO Prakties vir gr. 6 & 7). Ons wens vir hom sterkte toe met sy taak. In volgende week se Mikrofokus sal ons die beheerliggaam se aangepaste portefeuljes aan u deurgee.

2. **GR. 2- tot 7 INDIVIDUELE FOTO'S**

Daar word op Woensdag, 22 Februarie 2023 individuele foto's en klasfoto's geneem. Gr. 2- tot 7-leerders moet op hierdie dae in amptelike somersdrag skool toe kom. Indien `n leerder nie die korrekte kleredrag het nie, kan hulle nie op die foto verskyn nie.

3. **PA-en-SEUNKAMP: "KOM WIEL SAAM MET JOU PA" op 24 en 25 FEBRUARIE 2023**

Baie dankie dat u en u seun(s) ingeskryf het om wonderlike herinneringe vas te lê.

Om egter hierdie geleentheid te laat realiseer, is dit nodig dat u die **verpligte vrywaringsvorm** wat u seun gister ontvang het, dadelik voltooi en voor of op **Donderdag, 23 Februarie 2023,** terug skool toe stuur.

Mikro Pa-en-Seunkamp

4. **LIFESTYLE CHALLENGE PRETTIGE MIKRO PRETLOOP/-DRAF: 11 MAART 2023**

Kom geniet die heerlike natuurskoon van Zevenwacht landgoed saam met jou familie. Skryf aanlyn OF by die skool in. Inskrywings kan ook op die dag van die pretloop op die plaas gedoen word.

5. **NUWE INSKRYWINGS**

Die onderwysdepartement het die amptelike datums vir die inskrywings van leerders vir die 2024-skooljaar bekend gemaak. Ouers kan tussen 13 Maart 2023 en 14 April 2023, 'n leerder inskryf. Ouers kan aansoek doen by ten minste drie skole (insluitende hul naaste skool).

U kan by https://wcedonline.westerncape.gov.za/admissions-202324 en by die betrokke skole aansoek doen. (Ondersteunende dokumentasie kan deur die skole versoek word wanneer u aanlyn aansoek doen.)
Graad 7-ouers moet daarop let dat verskeie hoërskole se opedae reeds aan die gang is en dat u nou reeds moet navraag doen by hoërskole vir die 2024-skooljaar.

## 6. RUGBY- en HOKKIEPROEWE:

Daar gaan **geen somersport oefeninge** op die dae van die proewe plaasvind nie.
Die somersport program sal weer Maandag, 6 Maart 2023 soos normaal voortgaan. Die wintersport program sal Maandag, 13 Maart 2023 begin. Tye sal gekommunikeer word in die volgende Mikrofokus.

| ***Proewe: Rugby en Hokkie 2023*** | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Datum:** | **Span:** | **Sportsoort:** | **Aanmeldtyd:** | **Tye:** | **Veld:** |
| ***Maandag, 27 Feb:*** | o.7 | Rugby | 14:00 | 14:30-15:30 | C-Veld |
| | o.8 | Rugby | 14:00 | 14:30-15:30 | D-Veld |
| | o.9 | Rugby | 14:00 | 14:30-15:30 | B-Veld |
| | o.10 | Rugby | 15:00 | 15:30-16:30 | B-Veld |
| | o.11 | Rugby | 14:00 | 14:30-15:30 | A-Veld |
| | o.13 | Rugby | 15:00 | 15:30-16:30 | A-Veld |
| | | | | | |
| ***Dinsdag, 28 Feb:*** | o.10 | Rugby | 14:15 | 14:30-15:30 | B-Veld |
| | o.11 | Rugby | 14:15 | 14:30-15:30 | A-Veld |
| | o.13 | Rugby | 15:00 | 15:30-16:30 | A-Veld |
| | | | | | |
| ***Woensdag, 1 Mrt:*** | o.7 | Hokkie | 14:00 | 14:30-15:30 | J&K |
| | o.8 | Hokkie | 14:00 | 14:30-15:30 | H&I |
| | o.9 | Hokkie | 14:00 | 14:30-15:30 | E&F |
| | o.10 | Hokkie | 14:15 | 14:30-16:00 | C&G |
| | o.11 D | Hokkie | 14:15 | 14:30-16:00 | B&D |
| | o.13 | Hokkie | 14:15 | 14:30-16:00 | A |
| | | | | | |
| ***Vrydag, 3 Mrt:*** | o.9 | Hokkie | 14:15 | 14:30-15:30 | E&F |
| | o.10 | Hokkie | 14:15 | 14:30-15:30 | C&G |
| | o.11 S | Hokkie | 14:15 | 14:30-16:00 | B&D |
| | o.13 | Hokkie | 14:15 | 14:30-15:30 | A |

## 7. SPORTPROGRAM: 21 FEBRUARIE 2023 tot 25 FEBRUARIE 2023



**Tennis: Woensdag, 22 Februarie 2023**
**Seuns:**
o.13A teen Boston C (weg) om 16:00
o.13B- Loslootjie
o.13C teen Reddam Durbanville A (weg) om 15:00
o.11A teen Gene Louw D (tuis) om 14:45
o.11B- Loslootjie

**Dogters:**
o.13A teen Durbanville E (tuis) om 14:45
o.13B teen Durbanville F (tuis) om 16:00

**Krieket:**
**Woensdag, 22 Februarie 2023:**
o.11A teen Bastion (tuis) om 15:00
o.11B teen Bastion (weg) om 15:00
o.11C teen Panorama (tuis) om 15:00



**Donderdag, 23 Februarie 2023:**
**Wedstryde vind op die Astro plaas.**
o.7A teen Curro Durbanville (weg) om 15:00

o.8A teen Curro Durbanville (weg) om 15:00

o.8B teen Curro Durbanville (weg) om 15:00

o.9A teen Curro Durbanville (weg) om 15:00

o.9B teen Curro Durbanville (weg) om 15:00

o.13A teen Durbanville B (tuis) om 15:00

o.13B teen Brackenfell C (tuis) om 15:00

**Vrydag, 24 Februarie 2023:**
**Wedstryde vind by Laerskool Bellpark plaas:**

o.9A teen Boston om 16:00

o.9A teen De Kuilen om 17:00

o.9A teen Curro Brackenfell om 18:00

Voorspoed vir die week.

L. Mouton
SKOOLHOOF



11 MAART 2023 - ZEVENWACHT, KUILSRIVIER - 07:00

# MIKRO PRETTIGE PET PRETLOOP

## 5KM

IN SAMEWERKING MET LIFESTYLE CHALLENGE

**ONS SIEN DAARNA UIT OM SAAM MET U EN KIND(-ERS) DIE PRAGTIGE NATUURSKOON EN BUITELUG TE GENIET.**

**LET ASSEBLIEF OP DIE VOLGENDE INLIGTING:**

- **PLEK:** ZEVENWACHT LANDGOED
- **AFSTAND:** 5 KILOMETER (DRAF OF STAP)
- **REGISTRASIE:** 06:00 TOT 07:00
- **BEGINTYD:** 07:00
- **KOSTE:** R110 PER VOLWASSENE EN R50 PER KIND (13 JAAR EN JONGER)
- **BETAALWYSE:**
  1. KONTANT BY DIE SKOOL
  2. MIKRO FACEBOOK - GAAN NA DIE LIFESTYLE CHALLENGE PRETLOOP "EVENT" - EN KLIEK OP "ABOUT". VIND DAAR DIE SKAKEL OM IN TE SKRYF EN TE BETAAL.

- KAARTJIES KAN OOK OP DIE DAG VANAF 06:00 DIE OGGEND, GEKOOP WORD.
- KAARTJIES TE KOOP BY KLASOPVOEDER.

**LW: INDIEN JY KAARTJIES BY DIE SKOOL VOOR OF OP VRYDAG, 10 MAART 2023 KOOP, KOM JY IN AANMERKING VIR 'N GELUKKIGE TREKKING OM 'N LIFESTYLE CHALLENGE T-HEMP TER WAARDE VAN R450 TE WEN!! SPRING DUS VINNIG EN KOOP JOU KAARTJIE BY DIE SKOOL.**





# Safari Kermis

Suidkerk
NG Kerk Kuilsrivier-Suid

## 1 - 5 Maart 2023 Program

1ste Vroue biddag om 19:00 in die Erediensruimte (alle vroue welkom)


2de Kuilsrivier Camino

3de Sundowner Camino / Kampvuur en stoep stories

4de Safari Kermis dag van saamkuier, verskeie kosse, kinderspeletjies en 'n Amazing (Safari) Race met groot pryse

5de Dankdiens met lofprysing deur Mikro koor en ander musiek

**NGK Kuilsrivier Suid, Langverwacht str 26 * 021 903 3095 * bespreek@suidkerk.org.za**


FROM AGES
3 AND UP!
START
RHYTHMIC
GYMNASTICS
AT FYNBOS GYMNASTICS CLUB
BRANCH OPENING IN
KUILS RIVER!
Nederduitse Gereformeerde Kerk
Kuilsrivier-Suid
24 Langverwacht Rd
Join us for a
FREE
trial lesson!
(Bookings
essential)
RHYTHMIC GYMNASTICS
COMBINES THE
ELEMENTS OF BOTH
GYMNASTICS & DANCE,
USING HANDHELD
EQUIPMENT NAMELY
ROPES, RIBBONS, BALLS,
HOOPS & CLUBS!
For any inquiries or trial bookings contact
Simone
CLUB OWNER & HEAD COACH
072 378 8677 /simone@fynbosgymnastics.co.za
Fynbos Gymnastics


Suidkerk
NG Kerk Kuilsrivier-Suid
Safari Kermis
4 Maart 2023
KINDER SPELETJIES
R5 per speletjie
Vissievang
Pinjata slaan
Cupcake versier
Gesiggieverf
Springkasteel slide
Lekkergoed Tafel
Zipline
Skattejag
Pie face
Skyfskiet
Paint ball
Vir slegs R200 kan jy die hele dag speel en jy kry 'n spesiale lucky packet
Slegs vooraf beskikbaar op www.suidkerk.org.za - kliek op "Aanlynwinkel"


Suidkerk
NG Kerk Kuilsrivier-Suid
KUILSRIVIER CAMINO
Reis saam op 'n bustoer en vier 180 jaar van Kuilsrivier!
2 Maart 2023 - 18:00 tot 22:00
Camino Paspoort met meer inligting oor historiese plekke.
Heerlike kulturele peuselhappies.
Sluit af by Altyd Lig Plaas met musiek vermaak deur Marli Katzke.
R200 KAARTJIES TE KOOP OP ONS WEBWERF
www.suidkerk.org.za
021 903 3095
bespreek@suidkerk.org.za
26 Langverwacht pad, Kuilsrivier, 7580


Suidkerk
NG Kerk Kuilsrivier-Suid
SUNDOWNER CAMINO
3 Maart 2023 - 17:00 tot 19:00
Geniet 'n informele stap en wynproe by Zevenwacht Plaas
R100 per persoon ouer as 18 jaar
(Sluit in wynproe, bottel Zevenwacht wyn en R20 Kermis voucher)
R30 per kind
(Sluit in JC en R10 Kinderspeletjies voucher)
5km stap roete
R100 PER PERSOON, KAARTJIES OP ONS WEBWERF
www.suidkerk.org.za
021 903 3095
bestuur@suidkerk.org.za
26 Langverwachtstraat, Kuilsrivier, 7579